

**Vrydag 25 November**

**Skrifgedeelte: Openbaring 14:6-13**

**Fokusgedeelte: Openbaring 14:6-10**

**Engele as boodskappers van God!**

Drie engele word as boodskappers oor die hele aarde uitgestuur om die mense te herinner dat die einde naby is! Want mense vergeet dit! Ons vergeet dat hierdie wêreld nie al plek is waar ons gaan woon nie. Een na die ander word die drie engele in volgorde uitgestuur, elkeen met 'n bepaalde boodskap aan die mense op die aarde.

Die eerste engel roep die mensdom op tot aanbidding van God. Bekeer julle! Terwyl die engel oor die hele aarde vlieg, hoor almal die boodskap, die uitnodiging om na God te draai, Hom te eer en te aanbid! God stoomroller nie na die einde toe nie. Hy wil mense die geleentheid gee om hulle te bekeer. Daarom stuur Hy die engel uit met hierdie boodskap wat die wêreld kan hoor!

Die tweede engel kondig Babilon, oftewel Rome, se val aan. Babilon is die simboliese verteenwoordiger van alles wat sleg is. Die boodskap van oordeel is eenvoudig: Al hierdie sedeloosheid en wetteloosheid waarin mense hulle vandag verlustig en selfs dink hulle kom daarmee weg, gaan tot 'n einde kom. God gaan dit stop! Trouens, die oorwinning is reeds behaal op Golgota. Babilon het klaar geval! Dit gaan alles tot 'n einde kom. Geval, geval het die grote Babilon ...

By die derde engel hoor die volgelinge van die dier dat die ewige oordeel hulle voorland is. Almal wat kies om sy vloekmerk te dra, sal die wyn van God se oordeel onverdund moet drink. Anders as wyn wat verdun is om in die plek van water te drink, of om die smaak daarvan te verbeter, of om die skop te verminder, gaan die dier se volgelinge God se oordeelwyn teen volle sterkte proe – die ewige hel.

Maar God gee tyd. Daarom stuur Hy die engele een na die ander uit om te waarsku en uit te nooi. Kom ons moedig mekaar gedurig maar weer aan om in die geloof te volhard. Want met ons oog gevestig op Jesus sal ons die wedloop in geloof voltooi, die wenstreep haal en die oorwinnaarskroon ontvang!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3*

*Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)*